Die outeur werp lig op verskeie aspekte soos onder andere die tradisionele Tswana regs- en politieke organisasie en die uitwerking wat kapitalisme en die Britse regeringstelsel daarop gehad het. In die eerste hoofstuk word die leser ingelei met 'n oorsig oor die Tswana in die negentiende eeu: die politieke en ekonomiese stelsels, die uitwerking van die Mfecane, die toenemende Britse belangstelling in Tswana woongebied en die uitwerking van die industrialisasieproses in Suid-Afrika is aspekte wat deeglik toegelig word. Die tweede hoofstuk behandel die interne struktuur van die Bamangwato gedurende die jare 1925-1939 terwyl hoofstuk drie op die tradisionele reg van die Tswana fokus. In 'n laaste hoofstuk word die faktore behandel wat die Bamangwato kapteinskap afgetakel en verswak het vanaf 1948-1956. Dit is ekonomiese faktore, interne geskille tussen faksies en die huwelik van Seretse met Ruth. Die outeur slaag daarin om die geskiedenis van die Bamangwato as 'n dinamiese proses van verandering en interaksie uit te beeld, eerder as om te verval in statiese beskrywings.

Wyle se werk maak goeie leesstof uit: dit verteer maklik en is gebaseer op uitgebreide navorsing in die veld en verskeie argiefbewaarplekke. Dit dra defnitief by tot beter begrip van die Bamangwato, Botswana en die Tswana oor die algemeen.

**Albert van Jaarsveld**
*Universiteit van Zoeloeland*

**P.H.R. Snyman:** ***Kuruman – vervloë pad na Afrika*****.** (Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing. Pretoria. 1992). 306 pp. Geïll. R49.50 (inklusief) ISBN 07969 1250 5.

Hierdie boek is die sewende toevoeging tot die RGN se plaaslike geskiedenisreeks en die vierde oor Noord-Kaapland deur dieselfde outeur. Dié publikasie het 'n tweeledige doel nl. om 'n historiografiese leemte te vul en 'n gedenkboek vir Kuruman daar te stel. Die skrywer slaag goed daarin om hierdie, soms uiteenlopende doelwitte, te bereik.

Die skrywer bied in hierdie boek 'n oorsigtelike ontwikkelingsgeskiedenis van Kuruman oor bykans twee honderd jaar aan die leser. 'n Breë oorsig oor die verlede en hede van Kuruman, asook die bestaande leemtes in die literatuur oor die belangrike Noord-Kaapse dorp, word gedek. Die publikasie het dus eerder 'n breë algemene leserskring as teikengroep as akademici.

In twaalf hoofstukke, wat wissel in lengte, word uiteenlopende fasette van die dorp se geskiedenis aangesny, naamlik die algemene geskiedenis, die geskiedenis van die onderwys, ekonomie, sending asook sosiale geskiedenis. Die outeur begin met 'n insiggewende topografiese oorsig in hoofstuk een en hy volg verder meestal 'n chronologiese benadering, wat heel aangewese is vir 'n ontwikkelingsgeskiedenis van dié aard. Hoofstuk een help om die aardrykskundige fasette waarin die geskiedenis van Kuruman sal ontplooi, en wat 'n invloed op die wel en weë van die dorp gehad het, uiteen te sit.

Oor die algemeen is die werk goed geïllustreer en baie foto's is keurig vir publikasie voorberei en van relevante en insiggewende byskrifte voorsien. Illustrasies word ongelukkig nie in die inhoudsopgawe aangedui nie. 'n Bonuspunt is die goeie register en lys van afkortings wat naslaanwerk aansienlik vergemaklik.

Aangesien die skrywer 'n oorsigtelike ontwikkelingsgeskiedenis van Kuruman, wat oor 'n lang tydperk strek, geskryf het, kan hy uiteraard nie elke faset in fynere detail omskryf nie. Sy treffende kantaantekeninge vul egter dikwels dié behoefte aan, en gee interessante gegewens weer wat veal vir die plaaslike inwoners van belang mag wees. Die werk se omvang is groot, maar die skrywer se gemaklike skryfstyl vergemaklik die lees van so 'n werk.

Snyman het redelik daarin geslaag om 'n "totale geskiedenis" – benadering te volg, deurdat hy poog om alle segmente van die gemeenskap deurgaans by die geskiedverhaal te betrek. Soms egter neig die studie na die blanksentriese benadering. Dit kan wees as gevolg van die feit dat baie meer primêre bronnemateriaal beskikbaar is oor die "blanke" tydperk van die dorp se geskiedenis. Daar word gedeeltelik geslaag om van die blanksentriese benadering weg te beweeg deur veral van mondelinge bronne gebruik te maak om aspekte te ondervang wat nie skriftelik neerslag gevind het nie. Selfs in die onderhoude egter is daar 'n geneigdheid om meestal van blankes as mondelinge getuienis gebruik te maak. Ten spyte hiervan getuig die navorsing van die benutting van uiteenlopene sekondêre en primêre bronne, en die omvangryke bronnelys is 'n bewys van die deeglike navorsing wat vir die studie gedoen is.

Kuruman het sinomiem geword met die Moffat-sendingtydperk en die bedrywighede van sendingwerk wat hieruit vootgespruit het. Syman verbreek egter treffend dié steriotipe persepsies van Kuruman deur o.a. ook die negatiewe invloed van die witman op die tradisionele swart samelewings uit te lig. Verder word die "sendingbeeld" ietwat verbreek deur vele ander elemente (politiek, sosiaal en ekonomies) van die dorp se samelewingsgeskiedenis te identifiseer. Veral die gedeeltes wat oor die ekonomiese geskiedenis handel, is goed verhelder met statistiek en tabelle.

Om in 'n omvattende werk soos dié 'n orsig oor die ontwikkelingsgeskiedenis van 'n dorp oor twee honderd jaar weer te gee, is 'n uiters moeilike taak. Die skrywer het egter daarin geslaag om dit sinvol en kleurryk aan te bied en nog 'n leemte in die plaaslike geskiedenis is gevul.

**E.R. Coetzee**
*Randse Afrikaanse Universiteit*